
# 307 My God min my




Hy strek sy hand
beskermend uit oor my;
Van alle onheil wat dreig
sal Hy my bevry.

Hy kom na my
verskuil in brood en wyn;
Hy gee my lewe en liefde
wat nooit verdwyn.

Ek bring my hart
as offergawe nou;
aanvaar, o Here, my liefde
en my berou.

Nou gee Hy my,
die krag om voort te gaan,
die liefde wat selfs my vyande
sal verslaan.

Onbekend Plaisir d’amour